Konferensie oor kultuurbewaring

Staatsamptenare, kultuur en die Freedom Charter

'N AMPTELIKE konferensie oor kultuurbewaring is nie juis die soort plek waar mens steun vir die ideale van die buite-parlementêre demokratiese beweging in Suid-Afrika verwag nie. Op 'n groot konferensie vir kultuurbewaarders wat in Junie vanjaar in Kaapstad gehou is, is 'n verklaring aanvaar wat die regering se "eie sake"-filosofie uitdruklik verwerp, en kultuurbevordering in die gees van 'n nie-rassige en demokratiese Suid-Afrika onderskryf. ***NICOLAAS VERGUNST*** *was daar, en gee sy indrukke van 'n merkwaardige kultuurpolitieke beraad.*



F A VAN JAARSVELD het die besprekings beslag probeer gee met retoriese Afrikaner-Nasionalistiese formules . . .

WILLEM LA ideologiese tieke belan bevorder wo

OP dieselfde dag waarop die Staatspresident die Noodtoestand vir die derde agtereenvolgende jaar hernieu het, was 'n nasionale kultuurkonferensie in Kaapstad se Burgersentrum besig om 'n verklaring op te stel wat die regering se kultuurbeleid radikaal sou verwerp.

Die openingsrede op die Konferensie oor Kultuurbewaring is gehou deur die president van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, dr J G Garbers, terwyl die bekende Afrikaanse historikus prof Floors van Jaarsveld 'n sleutelreferaat gelewer het. Aan die einde van die weeklange konferensie is 'n verklaring aanvaar waarin die regering se beleid verwerp is in taal wat sterk aan die Freedom Charter herinner.

Die verklaring het die "eie sake"-beginsel as grondslag vir enige kultuurbeleid verwerp, en hom uitgespreek ten gunste van kultuurbevordering "in die gees van 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika". Hierdie onverwagte wending van 'n semi-amptelike konferensie, verdien nadere aandag.

DIE konferensie het van meet af in die teken van 'n krisissituasie op kultuurgebied gestaan. Onder die hoof "*Veranderende Konteks en Uitdagings*" is indringend besin oor die noodsaaklikheid vir 'n herwaardering van die aard en funksie van kultuurbewaring in die huidige konteks.

"Dit is die eerste keer dat die veranderende konteks en uitdagings van kultuurbewaring deur verteenwoordigers van so 'n wye spektrum instellings en dissiplines aangespreek word, en hulle ook konstruktief 'n nuwe bedeling vir kultuurbewaring wil uitwerk," was die aanspraak van die kongresprogram. Die konferensie is gesamentlik georganiseer en aangebied deur die RGN, die Suider-Afrikaanse Museumvereniging, die Departement van Omgewingsake, die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis.

Dit is veelseggend dat die organiseerders reeds by voorbaat die huidige krisis in kultuurbewaring as 'n uitvloeisel van die regering se hervormingsinisiatiewe geïdentifiseer het. Die reëlingskomitee het dit só gestel: "Ten spyte van goed bedoelde ondersoeke van staatsweë en pogings om die toestand te verbeter, het die verwagte verbetering nie ingetree nie. Die nuwe staatkundige bedeling het fragmentasie op die terrein verdiep en bestaande probleme vergroot." Kortom, 'n belangrike onderliggende motivering vir die konferensie was weerstand teen die regering se volgehoue pogings om afsonderlike ontwikkeling — in 'n nuwe gedaante — op kultuurgebied af te dwing.

Die probleme wat veroorsaak word deur die fragmentering van museum- en argivale versamelings en die ontwrigting van bestaande strukture weens die implementering van "eie sake" op kultuurgebied, was die eintlike spil van die konferensie. Deelnemers het dikwels, soms baie sterk, gepleit vir kultuurbewaring as 'n *nasionale* saak. Die gesamentlike historiese erfenis mag nie verder disintegreer weens die bisarre vereistes van die ultraburokratiese driekamer-opset nie. Wat eerder noodsaaklik is, is die vorming en ontwikkeling van 'n gesamentlike Suid-Afrikaanse kulturele identiteit.

Die konferensie is bygewoon deur 'n uitgelese, uiteenlopende groep museumkundiges, stedelike beplanners en omgewingsbewaarders, argitekte, argeoloë, argivarisse en kultuur- en kunsgeskiedkundiges, asook verteenwoordigers van bewaringsverenigings, onderwysdepartemente en kuns- en kultuurorganisasies. Hulle was dit basies eens dat gelykwaardige voorsiening van hulpbronne en vaardighede demokraties gekoördineer moet word om die nasionale kultuurerfenis te bevorder en te bewaar.

Die onderliggende konsensus is só in die finale verklaring uitgedruk: "Dit is ons gesamentlike verantwoordelikheid om ons erfenis — in die volle outentieke rykdom daarvan — oor te dra, en ons moet so waarheidsgetrou as moontlik die voorgeskiedenis en historiese ervaring van alle Suid-Afrikaners, ongeag ideologiese verskille, herwin, herinterpreteer, dokumenteer en weergee." Hierdie beginsel sluit aan by die Freedom Charter, wat sê dat die Suid-Afrikaanse kultuurlewe ontdek, ontwikkel en aangemoedig moet word. 'n Bespreking rondom die idee van populêre kultuur (of "people's culture") rondom die Freedom Charter het tot 'n belangrike wending in die kongresverrigtinge gelei. Dit was 'n onwaarskynlike ontwikkeling, gesien teen die geykte formules waarmee die konferensie begin het.

Dr Garbers het as woordvoerder van die reëlingskomitee 'n balans probeer handhaaf tussen die konserwatiewe en progressiewe standpunte. Prof F A van Jaarsveld het die besprekings beslag probeer gee met retoriese Afrikaner-Nasionalistiese formules. Hy het gepraat oor die "identiteitskrisis" van die onderskeie kulture in Suid-Afrika, elk met sy eie "historiese bewussyn".

Maar die kongresbesprekings het 'n keerpunt bereik toe 'n demokratiese kultuur voorgestel is as die enigste aanvaarbare uitweg vir 'n samelewing wat deur apartheid verdeel is. Prof Willem Landman, filosoof van die Universiteit van Wes-Kaapland, het die afgevaardigdes opgeroep om presies vas te stel watter ideologiese waardes en wie se politieke belange deur kultuurbewaring bevorder word.

"Kultuurbewaring," het hy gesê, moet eerder "daarop gerig wees om ons 'n beeld te gee van die populêre kultuur,

d.w.s hoe me wing, met sy politieke en e hul wêreld."

Hy het dri ring ondersk *model* is die van die heer politieke en nie net op alle lewenste

Die *plural* aan selfbepa stel kultuure vervlegte hist

Die *organ* terafhanklik paalde groe like Suid-Af

Landman sterk ideol Keyan Tom *trum vir* aan die Un Ramgobin, *Congress of* debat verd bruik van hawing van die bevord ding in 'n spreek. Hu Charter as bespreking hoe dit be voorkom staande sc apartheid dig.

Tomasel bedenking van die sweer. D voortbesta bole soo Afrikaner

WILLEM LANDMAN het gevra watter ideologiese waardes en wie se politieke belange deur kultuurbewaring bevorder word . . .

d.w.s hoe mense in 'n bepaalde samelewing, met sy besondere verspreiding van politieke en ekonomiese mag, sin gee aan hul wêreld."

Hy het drie modelle vir kultuurbewaring onderskei. Volgens die *hegemoniese model* is die rasbepaalde selfopvattings van die heersende groep — wat oor die politieke en ekonomiese mag beskik — nie net op kultuurgebied nie, maar op alle lewensterreine beslissend.

Die *pluralistiese model* gee erkenning aan selfbepaalde etniese groeperinge en stel kultuurerfenisse buite hul gedeelde en vervlegte historiese konteks naas mekaar.

Die *organiese model* werk met die interafhanklikheid en interaksie van selfbepaalde groepe wat saam 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse kultuurgeheel vorm.

Landman se kritiese analise is deur sterk ideologiese besprekings gevolg. Keyan Tomaselli, direkteur van die *Sentrum vir Kontemporêre Kultuurstudies* aan die Universiteit van Natal, en Mewa Ramgobin, deurwinterde aktivis van die *Congress of South African Writers*, het die debat verder gevoer. Hulle het die gebruik van kultuurbewaring vir die handhawing van politieke oorheersing, en vir die bevordering van ideologiese bevryding in 'n veranderende samelewing bespreek. Hulle het gevra dat die Freedom Charter as vertrekpunt aanvaar word vir besprekings oor wat bewaar moet word, hoe dit bewaar moet word, en hoe om te voorkom dat verdelende simbole die bestaande sosiale fragmentasie in 'n post-apartheid Suid-Afrika nog verder bestendig.

Tomaselli en Ramgobin het vrese en bedenkinge oor die kulturele implikasies van die Freedom Charter probeer besweer. Daar is bekommernis oor die voortbestaan van Afrikaanse kultuursimbole soos die Voortrekker-monument. Afrikaner-Nasionaliste wou weet wat 'n post-apartheid regering met sulke monumente sou doen. Die antwoord was dat Afrikaners self daaroor kan besluit. As hulle dit as eksklusiewe simbole van verowering en onteiening wil behou, kan gebeur wat in Zimbabwe gebeur het — alles wat aan die koloniale tyd herinner is vernietig, en stede, dorpe, pleine en geboue is herdoop. As die betekenis van Afrikaanse monumente herdefinieer word in 'n gees van versoening en demokratiese nasiebou, kan 'n gesamentlike toekoms ontwikkel waarin die foute van 'n verdeelde verlede nie herhaal word nie.

Tomaselli en Ramgobin, wat in oorleg met buite-parlementêre politieke en kulturele organisasies aan die konferensie deelgeneem het, het kultuurpolitiek duidelik ondergeskik gestel aan die aftakeling van apartheid. Kultuur, het hulle betoog, kan nie losgemaak word van die politieke onderdrukking, ekonomiese eksploitasie en sosiale fragmentasie wat die lewe van mense in Suid-Afrika ontwrig nie.

Die konferensie moes dus allereers kennis neem van die vernietigende prosesse wat deur apartheid gelegitimeer word. Die toepassing van die Groepsgebiedewet het nie net gemeenskappe fisies opgebreek en verskuif nie, maar ook hul kultuurerfenis vernietig. Distrik Ses, Cato Manor en Katrivier is voorbeelde van gemeenskaps- en kultuurvernietiging. In dié lig word kultuurbewaring slegs 'n oorbodige luukse wat deur en vir die dominante kultuurgroep bedryf word.

Baie Afrikaanse kultuurleiers is bekommerd oor die bewaring van hul kultuurerfenis. Party sien 'n post-apartheid-samelewing as 'n bedreiging vir hul kulturele voortbestaan. In 'n rasbewuste samelewing en in die aangesig van magsdeling of magsoorname kan mens hierdie vrese begryp. Maar dit bied ook 'n uitdaging aan Afrikaanse leiers vir wie kultuurbewaring erns is.

Volgens Tomaselli en Ramgobin sal die aanvaarding van die Freedom Charter die raamwerk skep vir 'n konstruktiewe benadering tot die huidige kultuurkrisis. Kopieë van die Freedom Charter is op die eerste dag onder afgevaardigdes versprei. Party het vyandig daarop gereageer. Aan die einde van die week was heelwat afgevaardigdes van mening dat soortgelyke voorstelle wat in die konsep-"manifes" opgeneem is, nie ingrypend genoeg was nie.

NÁ die dramatiese gebeure van die eerste dag, het die besprekings oënskynlik geweifel — waarheen nou? Verskeie sprekers het hul referate voorgedra asof Landman, Tomaselli en Ramgobin se bydraes nie bestaan nie. Kultuur, het hulle volgehou, was, en is, outonoom van apartheidspolitiek.

Dr B Cronjé van die FAK het gekla dat sommige sprekers "te ver gegaan het" in hul kritiek op apartheid en die Afrikanerdom. Soos sommige ander sprekers, kon Cronjé nie begryp waarom politiek altyd in kultuurbesprekings betrek moet word nie. Hy het uit die konferensie gestap. Die noue band tussen kultuur en politiek, waarvan die FAK self 'n belangrike bewys is, was klaarblyklik vergete.

Ander sprekers het daarop gewys dat kultuur binne 'n konkrete politieke en sosio-ekonomiese konteks gesien moet word. Denver Webb, kurator van die Kaffrarian Museum, het op die ironie gewys dat fondse nou ingesamel moet word vir die bewaring van geboue in die Ciskei wat tot onlangs deur bruin boere in stand gehou is. Kultuurbewaring word sinloos wanneer geboue tot monumente verklaar word nadat die gemeenskappe wat hulle in stand gehou het, vernietig is.

Die konsep-"manifes" vir kultuurbewaring was teen die einde van die week op die agenda. Die vorige aand reeds was dit vir die progressiewe faksie duidelik dat hulle op die steun van die meerderheid kon reken. Nie net Engelssprekende kultuuradministrateurs nie, maar ook Afrikaanse afgevaardigdes en 'n lid van die Huis van Afgevaardigdes, het die rassistiese konsep van "Eie Sake" op kulturele gebied verwerp.

'n Minderheid, veral amptenare van die driekamer-parlement, het egter probeer walgooi teen die toenemende verset teen die regering se kultuurbeleid. Selfs ná vier dae het hulle steeds — tot verbasing en vermaak van die gehoor — op 'n neerbuigende manier die amptelike apartheidsideologie bly verkondig. Hul uiteensettings van die amptelike standpunte is met felle kritiek begroet. Verras deur die intensiteit van dié aanvalle, het hulle hul posisie probeer verdedig deur te ontken dat hulle "politici" is. Maar dit was duidelik dat hulle dié debat verloor het, en dat die konferensie 'n totaal ander koers ingeslaan het.

Die geveg was finaal verlore toe 'n verklaring op die vyfde dag aangeneem is dat kultuurbewaring nie moontlik is in 'n apartheidstaat nie, en ook nie onder die driekamer-sisteem of waar gemeenskappe en organisasies in die naam van die Groepsgebiedewet en ander wette vernietig word nie. Die konferensie het apartheid ondubbelsinnig verwerp. In die lig van die aantal afgevaardigdes uit die staatsdiens is dit 'n merkwaardige nuutjie.

TYDENS die besprekings op die laaste dag is algemeen aanvaar dat kultuurbewaring nie van sy historiese konteks losgemaak kan word nie. Kultuur was en sal steeds 'n integrale deel en produk van omvattender sosiale konflik bly. In die Suid-Afrikaanse konteks sal die kultuurstryd noodwendig deel vorm van die ideologiese konflik waarin die Freedom Charter 'n belangrike rol speel.

Die tyd sal leer of gebeure op hierdie kultuurkonferensie volgehoue aansluiting sal vind by gemeenskapsorganisasies, vakbonde, jeugbewegings en politieke organisasies wat onder die vaandel van die Freedom Charter op demokrasie aandring. Dit is egter seker dat eensydige Afrikaner-Nasionalisme of swart Afrikanisme nie tot volwaardige kultuurbevordering in staat is nie. ■